

Portrait of a Slave Society is comprehensive in a populist sense. It should draw readers to the more significant writings of Anna J Böeseken, Wayne Dooling, Susan Newton-King, Robert Shell, and Nigel Worden. *Portrait of a Slave Society's* fresh use of published Dutch sources should prove useful to the history-reading public. Schoeman loses the professional historian, however, with his over-reliance on illustrative vignettes, sparse explanatory narrative, and the evasive eschewing of all quantitative analysis, historical change, and historical argumentation.

New perspectives on the Anglo-Boer War / Nuwe perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog

**(Bloemfontein, War museum of the Boer Republics, ca 2013, 274 pp.
ISBN: 1-874979-46-4)**

RJ Constantine (Ed./Red.)

Pieter L Möller

North-West University (Vaal Triangle Campus)

Pieter.Moller@nwu.ac.za

Hierdie tweetalige publikasie is 'n keur van agt bydraes (waarvan sommige in Afrikaans en ander in Engels). Al die bydraes is gebied deur ekspert navorsers wat al in eie reg bekendheid verwerf het deur individueel oor fasette van die Anglo-Boereoorlog te publiseer. Hulle is RAS Atwood, André Wessels, Jaco de Bruin, Johan Henning, Johan Hattingh, Elizabeth van Heyningen, AWG Raath en Peter Donaldson. *Nuwe perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog* handel oor 'n wye reeks van onderwerpe wat op die oog af nie noodwendig 'n verbandhoudende eenheid in tema vorm nie, maar weliswaar verbind word deur dieselfde tydgleuf en dieselfde Oorlog.

Die eerste hoofstuk deur RAS Atwood handel oor die alombekende Sir Redvers Buller as Britse bevelvoerder tydens die Anglo-Boereoorlog. Atwood se bydrae kenmerk 'n besondere aanslag en prikkelende leeswerk. Onder meer word spesifiek gewys op die rol van Buller as bevelvoerder van die Britse

Artillerie. Die byna fanatiese wyse waarop Buller die Britse soldate in die Oorlog bestuur het, is beklemtoon. Dit het sy kwota sukses opgelewer na 'n aanvanklike reeks neerslae.

Andre Wessels se bydrae in hoofstuk twee is werklik prysenswaardig. Hy slaag gemaklik daarin om moeilike fasette van oorlogvoering op 'n gemaklik-leesbare wyse te beskryf en die leser te boei met sy suksesvolle benadering tot 'n magdom van teoretiese inligting. Wat oorlogvoering behels, asook vorme van oorlogvoering, is behendig hanteer. Hierdie verwaarloosde aspek ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog kry nuwe betekenis.

Hoofstuk drie is 'n spanpoging deur Jaco de Bruin, Andre Wessels en Johan Henning. Die kollig val op die Britse proklamasies in 1900 toe die boeremagte by Paardeberg en Brandwaterkom tot oorgawe gedwing is. Die invloed van proklamasies op die moraal van die Boeremagte was besonder dramaties. Die hoofstuk gee die leser insig in die ongewoon moeilike omstandighede waarin baie Boeremag-lede hulself bevind het. Vir die Boeremagte was dit 'n (onwelkome) geleentheid om die wapen neer te lê. wat soms nie besef word nie, en deur die skrywers uitgelig word, is dat hierdie proklamasies die moraal van die Britse soldate versterk het. In hierdie hoofstuk word in hoofsaak gekonsentreer op die redes wat aanleiding sou gee tot die beëindiging van die Oorlog.

Die vierde hoofstuk deur Johan Hattingh en André Wessels wy uit oor die Britse blokhuse, en sluit sinvol aan by die hoofstuk oor strategie en taktiek. Die bou van 'n indrukwekkende netwerk van blokhuse was een van die metodes wat die Britse soldate ingestel het om as teenvoeter vir die manhaftige Boeremagte te dien. 'n Verduideliking van hoe blokhuse aangewend is, en strategies-takties gebruik is tydens die Oorlog is baie prikkelend en bekwaam hanteer.

'n Boek oor die Anglo-Boereoorlog sou onvolledig wees sonder 'n bespreking van die Konsentrasiekampe. As kundige op hierdie terrein slaag Elizabeth van Heyningen uitstekend daarin om verruimend en prikkelend hieroor te skryf. Haar stewige navorsing en ophelderende insig oor die onderwerp, sal die leser boei. Die dood van soveel ingekerkerde gevalle in konsentrasiekampe is en bly maar 'n tragedie. Dit was die uitvloeisel van 'n onverbiddelike beleid deur die Britse magte om die Boere teen alle koste tot 'n val te bring.

In hoofstuk sewe laat val Andries Raath die kollig op 'n onderhoudende beskrywing van die militêre optrede van generaal JH de la Rey voor en tydens die slag van Ysterspruit. Myns insiens verteenwoordig hierdie hoofstuk die hoogtepunt van die boek. Die leser word hier blootgestel aan die gebeure van 'n baie prominente slag tydens die Anglo-Boereoorlog. Hierdie beskrywing dien as voorbeeld van verskeie veldslae wat tydens dié Oorlog voltrek is. Dat Raath ook 'n goed deurdagte krygshistoriese evaluering van die veldslag maak, dra verder by tot die waarde van publikasie in sy geheel as kosbare bron vir die nagraadse student wat in krygsgeskiedenis spesialiseer.

Nuwe perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog is afgesluit met 'n prikkelende bespreking deur Peter Donaldson van hoe die werke van twee afsonderlike redakteurs neerslag gevind het in die saamstel van 'n volledige eietydse relaas aangaande die Anglo-Boereoorlog. 'n Kritiese beskrywing is aangebied van hoe Leo Amery en Frederick Maurice se standaard werke oor die oorlog, naamlik *The Times History of the War in South Africa, 1899-1902* en *The History of the War in South Africa, 1899-1902* 'n kosbare bydrae gelewer het tot latere geskiedskrywing oor die Anglo-Boereoorlog.

Nuwe perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog sal byval vind by enige persoon wat belangstel in die geskiedenis en gebeure tydens hierdie spesifieke Oorlog. Die publikasie is sodanig verpak dat dit ook onder die algemene leserspubliek byval sal vind. Die hoë gehalte skryfwerk komplimenteer die boek, en oorskadu die kleiner steurings (soos verskillende verwysings- en voetnootstyle) wat dalk met 'n hersiene uitgawe uitgeskakel kan word om groter eenheid te beklemtoon en minder individualiteit te bevorder. 'n Behoorlik-inleidende asook samevattende hoofstuk ontbreek, wat toelaat dat die leser sal bly wonder vir watter doel die publikasie verskyn het, en waarom juis hierdie temakeuses as nuwe perspektiewe aangebied is.